# Ons KANDELAAR

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Krugersdorp

Jaargang 75 Nommer 22 8 Junie 2025


## Predikante


Dr. De Wet Saaiman
Wolkbergstraat 11
Noordheuwel
dsaaiman@isat.co.za
072-378-8759
011-954-4775





Dr. Wim Vergeer
(Hulpdienspredikant)
Kougastraat 58
Noordheuwel
wimvergeer@mweb.co.za
079-529-5224




## Gereformeerde Kerk Krugersdorp


H/v Begin- en Premierstraat, Krugersdorp-Noord
Sel: 072 854 0953 E-pos: skriba@gkkrugersdorp.co.za
GPS: S26 05.389 O27 46.649
Webblad: www.gkkrugersdorp.co.za


## OGGENDDIENS: SONDAG 8 Junie – Dr Wim Vergeer

**Skriflesing:** Jona 1:1-2:10
**Teks:** Jona 2:7
**Tema:** Die werk van die Heilige Gees in Jona

Vandag vier ons Pinkster - ons herdenk die uitstorting van die Heilige Gees op die kerk wat 10 dae na die hemelvaart van Jesus Christus plaasgevind het. In die bedeling van die Nuwe Testament waarin ons nou leef, is dit dus die Gees van God wat voltyds by ons teenwoordig is. Hy troos ons, rus ons toe en lei ons om as God se kinders te leef en van Jesus te kan getuig totdat Hy kom.
Maar ook in die Ou Testament was die Gees werksaam in die lewe van God se mense. Ons neem Jona as gevallestudie. Ons kyk in dit wat met hom gebeur het na:
a) die GENADE van dit wat die Gees BESKIK het,
b) die WONDER van dit wat die Gees BEWERK het en
c) die PROFESIE waaroor die Gees GETUIG het.

## AANDDIENS: SONDAG 8 Junie – Dr De Wet Saaiman

**Skrifgedeelte:** Josua 24:1-28
**Teksverse:** Josua 24:14-15, 19-21
**Katkisasie:** Die kerk onder die Boere Republieke
**Tema:** Ek en my huis, ons sal die HERE dien!
Josua staan aan die einde van sy lewe en hy roep die volk na Sigem. In sy hart was hy bekommerd dat die volk weens die heidense invloede van God afvallig sou word. Hy verkondig aan hulle God se genadige bemoeienis met hulle in die verlede. Hyself stel ook 'n voorbeeld en sê duidelik dat hy en sy huis die HERE sal dien. Drie keer verseker die volk Josua dat hulle die HERE sal dien. Lippetaal is nie altyd dadetaal nie, daarom laat Josua hierdie versekering van die volk met 'n verbond bevestig. Ons moet vandag steeds ook die HERE kies. Dit mag nie bloot lippetaal wees nie, maar moet met die daad bewys word. Kom dit wat jy met jou mond bely en in jou hart glo in jou dade na vore? Is dit sigbaar vir mense tot 'n getuienis? Kies jy en jou huis ook om die HERE te dien en verwyder jy alles wat in die plek van jou keuse staan? As jy kies om die HERE te dien saam met jou huisgesin het jy die regte keuse gemaak. Net so moes die Trekboere ook in hulle lewens 'n keuse maak. In die Woordverkondiging let ons op hierdie keuses wat ons maak en kyk na:

a) God se GOEIE DADE;
b) Josua se VOORBEELD
c) Die GEVAAR om die HERE te dien
d) Die VERBOND met God; en
e) Die volk se TROU.

## SONDAG 8 Junie 2025

Kollektes onder die erediens is vir Barmhartigheid.
Die tweede kollekte vandag is na die oggenddiens vir die Ekumensiteit en na die aanddiens vir die Kerkkas.

Die tweede kollekte Sondag 15 Junie is na die oggenddiens vir die Thusofonds

**09:00 Oggenddiens: Dr Wim Vergeer**

- Kleuterkerk tydens die oggenddiens olv sr Marizel Fasen
- Kinderbediening tydens die oggenddiens olv sr Debbie Verreynne
- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 34 – Oudl Roelof van Wyk
- Diakonale Diensbeurt: Groep 4
- Tee/Koffie na die oggenddiens olv sr Rina Aucamp
- Katkisasie les 12
- Patmos Bybelstudie kom na die oggenddiens in die Moederskamer byeen

**18:00 Aanddiens: Dr De Wet Saaiman**

- Katkisasie vir die Belydenisklas tydens die aanddiens. Katkisante bly na die diens agter vir 'n bespreking van die preek en die vrae.

## PROGRAM VIR DIE WEEK 8 TOT 15 JUNIE 2025

**Sondag 8 Junie**

Pinkstersondag
Patmos Bybelstudie

**Donderdag 12 Junie**

11:00 Bybelstudie: Mannagroep
15:00 Voedingsprojek: Smeer van broodjies: Groep A olv sr Marizel Fasen
Groep B olv sr Nastassja

**Vrydag 13 Junie**

09:00 Voedingsprojek: Uitdeel van broodjies: Groep A olv sr Marizel Fasen
Groep B olv sr Nastassja

## Diensbeurte Sondag 15 Junie 2025

Geen Kleuterkerk tydens die oggenddiens nie agv langnaweek
Geen Kinderbediening tydens die oggenddiens nie agv langnaweek
Konsistorie Diensbeurt: Wyk 36 – Oudl Charles Moss
Diakonale Diensbeurt: Groep 1
Geen Tee/Koffie na die oggenddiens nie agv langnaweek

## VAN HUIS TOT HUIS

**Gelukwense:**

**Baie geluk aan ons 70-plussers wat in die komende week verjaar:**

***9 Junie***

- Sr Marietha Coetzee (072 573 6294) Wyk 31

***10 Junie***

- Br Faan Haasbroek (083 650 9239) Wyk 1
- Sr Ingrid Walton-Rudd (082 554 4513) Wyk 31

***11 Junie***

- Sr June Dekker (082 839 1198) Wyk 16

***12 Junie***

- Br Willem van Schalkwyk (082 820 4664) Wyk 32

***13 Junie***

- Sr Ester Dyer (076 585 9877) Wyk 32

**Baie geluk aan ons lidmate wat in die komende week verjaar:**

***9 Junie***

- Jsr Rosa van der Merwe (082 619 1451) Wyk 13
- Br Peet Venter (079 776 0310) Wyk 5

***10 Junie***

- Sr Corne Schutte (074 212 3333) Wyk 10
- Br Roelof van Wyk (083 471 8430) Wyk 4

***11 Junie***

- Sr Carola Krzyanski (079 595 6166) Wyk 5
- Sr Paige Smit (068 203 5518) Wyk 18
- Sr Johann Snyman (083 269 2597) Wyk 1

***12 Junie***

- Sr Annette La Grange (082 441 2279) Wyk 8
- Sr Santjie Potgieter (082 410 6454) Wyk 19

***15 Junie***

- Sr Magdaleen Bonsma (082 898 0395) Wyk 8
- Sr Nesnah Hansen (083 408 5262)Wyk 26

**Daar is geen huwelik herdenkings die week waarvan ons bewus is nie.**

**Lief en leed:**

- Ons het nog geen nuus of bevestiging van br Naas Schutte se begrafnisreëlings ontvang nie.
- Br Sarel Snyman (072 780 7004) Wyk 25 word in die Pinehaven Hospitaal vir algemene verswakking en longontsteking behandel (Mediese Saal, Kamer 1). Hy is baie ernstig siek. Ons bid saam met hom vir uitkoms en genesing en berusting.
- Sr Heilie Goosen (078 879 9418) Wyk 25 is in die Krugersdorp Privaat Hospitaal se Intensiewe Eenheid (Sjirurgiese eenheid) opgeneem. Ons vermoed dat sy 'n toeval gehad het en kommunikeer baie moeilik en spasties. Verdere toetse sal gedoen word om die oorsaak en behandeling te bepaal. Ons bid haar die krag en sterkte van die HERE toe.
- Br Gert Spoelstra (083 258 8620) Wyk 1 is tuis nadat hy 'n oogoperasie ondergaan het. Alles het goed afgeloop en hy moet nou herstel. Baie sterkte word hom toegebid.
- Die troosdiens vir br Hannes Dekker sal DV Vrydag 13 Junie om 11:00 vanuit ons kerkgeboou wees. Sterkte en seën word die familie toegebid.
- Br JP van Wyk (082 841 5322) Wyk 3 neem aan die Comrades deel (reeds 12 medaljes). Sy wedloopnommer is 15183 - vir diegene wat sy vordering op die Comrades-applikasie wil volg.
- Dirk, die seun van br Faan en sr Annetjie Lourens (082 869 5235) Wyk 31, neem ook deel. Hy pak die wedloop vir die 32ste keer aan. Sy wedloopnommer is 13523.

## KENNISGEWINGBORD

**Kollektes: 1 Junie 2025**

R 2559.10 Oggend: Barmhartigheid
R 1800.30 Oggend: Deure/ Teol. Studentekas

**SnapScan: 1 Junie 2025**

R 699.91 Oggend: Barmhartigheid
R 2507.46 Oggend: Deure/ Teol. Studentekas

### Dr Wim en sr Hettie se nuwe kontakbesonderhede (vanaf Julie 2025):

Adres: Duineweg 257, Hentiesbaai
E-pos: whv257@gmail.com
Selfoon: +27 79 529 5224 (slegs Whatsapp)
Namibiese selfoon: +264 85 811 0758

### Beroepenuus


<u>Beroepe ontvang</u>

- Ds N (Nardus) Buys van GK Bothaville na GK Bloemhof

<u>Beroepe aanvaar</u>

- Ds JL (Jan-Louis) Lee van GK Brits na GK Waterkloofrand

# *Gedagte vir die week*



Die Heer regeer. Die kleed van heerlikheid wat Hom omstraal, is enkel majesteit. En deur sy krag wat enkel triomfeer, hou alles stand, dit wankel nimmermeer. U troon, o Heer, het ewig vasgestaan. U is die Heer van ewigheid af aan. Rivier en meer het woedend opgebruis,
hul hoog gehef, geklots met groot gedruis. Maar oor hul, in die hoogte, sit die Heer, geweldiger as vloed van storm en meer, geweldiger as golwe van die see as Hy van bo sy stormbevele gee. Al u getuig'nis, Heer, is gans getrou, beloftewoord sal U vir altyd hou. U tempel sal, wat ook om ons vergaan, net soos u trou, onskendbaar bly bestaan. Psalm 93:1-4 (berymd)

# *Die Here se seën (2)*

"Die GENADE van die Here Jesus Christus en die LIEFDE van God en die GEMEENSKAP van die Heilige Gees sal by julle almal wees." 2 Korintiërs 13:13

- **Die GEMEENSKAP van die Heilige Gees**

In al drie komponente van die Here se seën kom die beginsel voor dat die seën van die Here af kom: Die *genade* van God vind neerslag by Christus en in sy versoeningswerk. Die *liefde* van God is 'n liefde wat Hy prakties aan ons bewys. En netso met die *gemeenskap* van die Heilige Gees. Maar nou is dit nie heeltemal so eenvoudig nie. Hierdie frase, hierdie seën kan op twee maniere geïnterpreteer word:

1. "Die gemeenskap van die Heilige Gees" kan vertaal word met: *Die gemeenskap wat van die Heilige Gees af kom*. Met ander woorde: Die Heilige Gees bring gemeenskap tot stand – dit is naamlik die gemeenskap van gelowiges, tussen gelowiges. Die Here stuur ons ons gewone lewe in om daar hierdie gemeenskap onder leiding van die Heilige Gees te gaan beleef en uit te leef. Dit is 'n gemeenskap wat tussen ons as gelowiges bestaan, en ons beoefen dit omdat die Heilige Gees in ons werksaam is om hierdie gemeenskap te kan beleef. Hý is die oorsprong daarvan. God Self wil hê ons moet so met mekaar omgaan.

   Hoe doen ons dit prakties? Die sleutelwoord hier is "mekaar". Daar is meer as 50 "mekaar"-tekste in die Bybel. Ek noem net 'n paar:

   – *Romeine 12:16*: "Wees eensgesind onder MEKAAR."
   – Galasiërs 6:2: "Dra MEKAAR se laste, en gee op dié manier uitvoering aan die wet van Christus."
   – *Efesiërs 4:32*: "Wees goedgesind en hartlik teenoor MEKAAR, en vergewe MEKAAR soos God julle ook in Christus vergewe het."
   – *Jakobus 5:16*: "Bely julle sondes eerlik teenoor MEKAAR en bid vir MEKAAR."

   Deur die werk van die Heilige Gees seën die Here ons en stel Hy ons in staat dat ons na mekaar se belange kan omsien.

2. "Die gemeenskap van die Heilige Gees" kan ook vertaal word met: *Die gemeenskap met die Heilige Gees*. Dit beteken: Die Here seën ons dat ons in gemeenskap *met* die Heilige Gees kan lewe – deel hê aan die Gees, één met die Heilige Gees, één met God. Ons lewe nie net in gemeenskap met God as ons deel in die erediens en luister na sy Woord en Hy sy Woord deur sy Heilige Gees in ons harte in dra nie. Nee! Elke oomblik leef jy in gemeenskap met Hom. Christus – en onthou: ons bely ons glo in God Drie-enig: Vader, Seun en Heilige Gees – Hy het belowe om al die dae by ons te wees tot die voleinding van die wêreld. (Matt. 28:20; sien ook Jos. 1:5: "Soos Ek by Moses was, so sal Ek by jou wees. Ek sal jou nie in die steek laat nie, jou nie verlaat nie.")

Die Heilige Gees – en daarmee God Drie-enig – woon in ons (Rom. 8:9, 11; 1 Kor. 3;16, 6:19; ea.). God is dus altyd by ons, in ons. God is alomteenwoordig (Ps. 139). Wanneer God ons seën met "die gemeenskap van die Heilige Gees" waarborg Hy ons dat Hy gedurig deur sy Gees in ons werksaam is.

- Wanneer jy van God moet getuig, sal die Heilige Gees jou die woorde in jou mond lê. *Markus 13:11*: "Julle moet praat soos dit op daardie oomblik aan julle gegee sal word, want dit is nie julle wat praat nie, maar die Heilige Gees." *Johannes 14:26*: "Hy (sal) julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het."
- *Handelinge 6:5*: Die Heilige Gees gee vir jou *wysheid*.
- *Handelinge 9:31*: Die Heilige Gees *versterk* jou.
- *Galasiërs 5:22-23*: Die Heilige Gees laat jou die *vrug* dra van vrede, vreugde, vriendelikheid, geduld, getrouheid, goedhartigheid, liefde, selfbeheersing en nederigheid.
- *Romeine 8:16*: "Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te *bid* nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie."
- *Johan*nes 14:26: Die Heilige Gees is ons Voorspraak ('83), Trooster ('33) en Parakleet by ons Vader in die hemel. (Die 2020-vertaling skryf in 'n voetnota: Die Griekse woord verwys na iemand wat geroep is om bystand te verleen – 'n helper, 'n voorspraak, 'n pleitbesorger, 'n trooster.)
- 2 Korintiërs 4:13: Die Heilige Gees bring jou tot geloof. En deur die Woord en die sakramente versterk Hy jou geloof (1 Kor. 12:3, 9; Rom.10:14;  HK 25:65).

Ons is nooit – maar nooit! – aan onsself oorgelaat nie. Ons kan altyd seker wees dat die Heilige Gees ons sal lei en wysheid gee in alles wat ons doen. Jy is baie keer onbewus van sy werk in jou, maar God werk deur sy Heilige Gees in stilte maar baie kragtig in jou – soos dinamiet. Met hierdie heerlike seën en versekering stuur God ons die lewe in.

Ons hoef nie 'n keuse te maak tussen dié twee moontlikhede hierbo nie. Albei is geldig – en dit is vir ons baie verrykend

## PREEKPROGRAM – TWEEDE KWARTAAL 2025

**8 Junie** (Pinkster)
Oggend: Dr Wim - Die werk van die Heilige Gees in Jona. Jona 2:1-10 & seleksie. (T = Jon 2:7)
Aand: Dr De Wet - Die kerk in die Boererepublieke – Kom terug, HERE! Numeri 10:11-36 (T = Num 10:36)

**15 Junie** (Langnaweek) (Geen aanddiens)
Oggend: Dr De Wet – Jesus het alles volbring. Johannes 19:28-37 (T = Joh. 19:30a).

**22 Junie**
Oggend: Dr De Wet - Jesus bid sy laaste gebed. Lukas 23:33-49 (T = Luk. 23:46).
Aand: Dr De Wet - Dirk Postma en die stigting van die Gereformeerde Kerke in SA – Sing vir die HERE 'n nuwe loflied! Psalm 33 (T = Ps 33:1-3).

**SKOLE SLUIT (27 JUNIE)**

**29 Junie** (Geen aanddiens - Dr De Wet verlof)
Oggend: Besoekende predikant - Ds Neels Malan

**6 Julie** (Geen aanddiens - Dr De Wet verlof)
Oggend: Besoekende predikant - Dr Kobus van Tonder

**13 Julie** (Geen aanddiens)
Oggend: Dr De Wet – Jesus se afskeidsgebed. Johannes 17 (T = Joh 17:17-21).

**20 Julie** (Geen aanddiens)
Oggend: Dr De Wet – Ons het almal voorbidding nodig! – Kolossense 4:1-18 (T = Kol 4:12)

**SKOLE OPEN (22 JULIE)**


## Bankbesonderhede

Die besonderhede van die FNB-bankrekening is soos volg:
Rekeningnaam: Gereformeerde Kerk Krugersdorp
Bank: FNB
Takkode: 255355 (My Branch)
Tjekrekening: 62876026511
Verwysing: Lidmaatnommer of Van
Spesifiseer asseblief waarvoor die EFT-betaling toegewys moet word

## *Ons Kandelaar* Proeflesers

Dr De Wet Saaiman (072 378 8759) en srs Corry Faling (082 421 8380); Maryke Coetsee (071 677 1381); Anne-Marie Venter (082 819 3272); Janet du Plooy (082 334 7913); en Meisie Naudé (083 655 5419); asook br Piet de Weerdt (083 455 6489)

## *WINTERNAG*



O koud is die windjie
en skraal.
En blink in die dof-lig
en kaal,
so wyd as die Heer se genade,
lê die velde in sterlig en skade.
En hoog in die rande,
versprei in die brande,
is die grassaad aan roere
soos winkende hande.
O treurig die wysie
op die ooswind se maat,
soos die lied van 'n meisie
in haar liefde verlaat.
In elk' grashalm se vou
blink 'n druppel van dou,
en vinnig verbleek dit
tot ryp in die kou!

Eugene Marais

# 2025

# SKOLIESKAMP DISSIPELSKAP

## 6 - 11 JULIE



GRAAD 10-12 | R800 | TAKWASA KAMPTERREIN

Vir enige navrae kontak:
Luhan 079 886 5661 /
luhanvanheerden@gmail.com